ATKV

# Oorde KLEIN-KARIBA

JOU VAKANSIE-INSPIRASIE











ATKV afrikitipret

# Vermaakprogram 2026

Beste ATKV Klein-Kariba-vakansieganger

Baie welkom by ATKV Klein-Kariba – die juweel van die Bosveld!

Ons vertrou dat u met groot opgewondenheid uitsien na hierdie welverdiende wegbreek. Ons hele span sien daarna uit om u met trots, entoesiasme en, natuurlik, 'n groot glimlag by ons pragtige oord te verwelkom.

Ons doel is om u verblyf so aangenaam en onvergeetlik as moontlik te maak. Indien daar enigiets is waarmee ons u kan help – hoe klein ook al – nooi ons u vriendelik uit om met enige lid van ons span te gesels. Ons is hier om te help!

Vir enige dringende probleme of klagtes is ons diensbestuurder 24 uur per dag beskikbaar by 078 580 7092.

Ons pragtige natuurlike omgewing is vir ons baie kosbaar, en daarom vra ons vriendelik dat u ons help om die oord netjies, skoon en mooi te hou. Ons waardeer ook u samewerking om water en elektrisiteit spaarsamig te gebruik – elke klein bydrae maak 'n groot verskil!

Indien u enige gebreke, probleme of onderhoudsake in of rondom u eenheid opmerk, meld dit asseblief so spoedig moontlik by ons aan. Dit stel ons in staat om die nodige aandag daaraan te gee en die probleem so vinnig as moontlik op te los.

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike reëls:

- Geen gazebo's word rondom die Dairymaid-swembad toegelaat nie. Gazebo's mag slegs by die verhitte spruitjie-swembad en die koue woonstelswembad gebruik word. Strandsambrele is welkom as alternatief.
- Geen plek mag rondom die Dairymaid-swembad gehou word nie. Items wat na 23:00 daar gelaat word, sal deur sekuriteit verwyder en veilig gestoor word totdat dit afgehaal word.
- Rook word slegs in aangewese rookareas toegelaat. Sekuriteit sal streng optree teen oortreders. Ons waardeer almal se samewerking om 'n gesonde omgewing vir almal te verseker.
- Algehele stilte geld vanaf 23:00. Geen geraas of musiek sal na hierdie tyd toegelaat word nie.
- Gedurende die dag tot 23:00 mag klank slegs op 'n lae vlak wees wat nie u bure of omliggende eenhede steur nie. Geen musiek word vanaf voertuigradio's, musiekstelsels of instrumente toegelaat nie.
- Ons wil graag vriendelik versoek dat u ag sal slaan op hoe belangrik dit is om GEEN diere te voer nie.

Ons vermaakspan staan gereed met 'n propvol program vol pret en vermaak vir oud en jonk. Kom kuier saam, speel saam, lag saam en skep kosbare vakansieherinneringe wat nog lank gekoester sal word!

Moenie vergeet om 'n draai by Die Koswerf-restaurant te maak en jouself met iets heerlik te bederf nie. Ons inligtingsentrum is ook tot u beskikking met waardevolle inligting en idees oor wat daar in die omgewing te sien en te doen is. Kom loer gerus ook by ons konferensiefasiliteite in en ontdek wat ons vir u volgende funksie of geleentheid kan bied.

Namens die ATKV-bestuur en die hele ATKV-Klein-Kariba-span, baie dankie vir u getroue ondersteuning en dat u telkens weer kies om u vakansie by ons deur te bring. Dit is vir ons 'n besondere voorreg om deel te wees van u vakansie en om saam met u spesiale herinneringe te skep. Ons wens u 'n heerlike, veilige en onvergeetlike verblyf toe!

Ronel Maartens
ATKV-Klein-Kariba-oordbestuurder

## Bedryfsure

| Plek | Dag | Tyd |
|---|---|---|
| **Ontvangs** | Maandae-Donderdae | 08:00-17:00 |
| | Vrydae | 08:00-18:00 |
| | Saterdae en vakansiedae | 08:00-13:00 |
| | Sondae | 08:00-15:00 |
| **Inligtingsentrum** | Maandae-Sondae | 08:00-17:00 |
| **Winkel** | Maandae-Saterdae | 08:00-20:00 |
| | Sondae | 08:00-17:00 |
| **Camp Master-winkel** | Maandae-Sondae | 10:00-17:00 |
| **Speletjieskamer** | Maandae-Sondae | 09:00-21:00 |
| **Onderdakswembad** | Maandae-Sondae | 06:00-22:00 |
| **Koswerf-restaurant** | Maandae-Saterdae | 08:00-20:00 |
| | Sondae | 08:00-14:00 |
| **Koswerf-kiosk** | Maandae-Saterdae | 09:00-18:00 |
| | Sondae | 09:00-17:00 |

## PLEKKE OM IN DIE OMGEWING TE BESOEK

| PLEK | KONTAKNOMMER | KOÖRDINATE |
|---|---|---|
| **Zebula-gholflandgoed en -spa** | **014 734 7700** | **24.77°S, 27.95°E** |
| **Adventures with Elephants** | **014 736 9800** | **24°46'53.8"S+27°57'03.3"E** |
| **Cheetah Experience** | **072 905 3457** | **-24.8034067 , 28.3555533** |
| **Thaba Kwena-krokodilplaas** | **073 466 7113** | **-24.8019068, 28.3076388** |

## BELANGRIKE NOMMERS

| | | |
|---|---|---|
| Ontvangs | **Kantoorure** | 014 736 9800 |
| Bestuurder aan diens | **Na-ure** | 078 580 7092 |
| Restaurant | **Bestellings** | 072 760 9468 |
| Executive EMS | **Private ambulansdienste** | 087 630 2888 |
| Inligtingsentrum | **Kantoorure** | 014 736 9888 |
| Sekuriteit | **Na-ure** | 014 736 9819 |

ATKV Oorde KLEIN-KARIBA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

# ATKV-KLEIN-KARIBA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

## OORD-ONTSPANNINGSFASILITEITE

Bespreek en betaal die aktiwiteite by die inligtingsentrum. Maak seker u bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom. Die volledige dokument wat al die gratis aktiwiteite en fasiliteite lys, is ook agterop u oordkaart of by die inligtingsentrum beskikbaar.

| Fasiliteite | Tydgleuf | Koste | Belangrike inligting |
|---|---|---|---|
| Perderitte<br>45 min. (lank)<br>15 min. (kort) | **Binne seisoen:**<br>**Dinsdae-Saterdae**<br>09:00; 10:00; 11:00; 14:00; 15:00; 16:00<br><br>**Sondae:** 09:00; 10:00;11:00; 12:00 | R150 per persoon (45 min.)<br>R65 per persoon (15 min.)<br><br>3-5 jaar (slegs 15 min.) | Nie vir swanger vroue of persone met rugprobleme nie.<br>Kinders moet onder ouertoesig wees.<br>115 kg-gewigslimiet. |
| Trap-/Roeiboot<br>Kajak en staanbord | **Maandae-Sondae**<br>09;00-12:00<br>13:45-16:00 | R50 per persoon (30 min.) | Kinders moet onder ouertoesig wees.<br>Gesluit wanneer dit reën.<br>Geen eet-/drinkgoed word toegelaat nie. |
| Padelbaan<br>1 uur | 08:15-20:45 | R100 per persoon<br>Kontantdeposito van R200 | Bespreek by inligtingsentrum of na-ure by die onderdakswembad. Geen kos/drank word op die baan toegelaat nie. |
| Glykabel (*zipline*)<br><br>Minimum 2 persone per bespreking<br><br>8 kabels, 2 ure | **Maandae-Vrydae**<br>09:00-15:00<br>**Saterdae en Sondae**<br>08:00-15:00 | R480 per persoon<br>Min. 2 persone<br>Tandem saam met gids moet vooraf gereël word. | Nie vir persone met rugprobleme of swanger vroue nie. Kinders onder 12 moet onder ouertoesig wees. Geen drink of rook nie. Staproetes is deel van die glykabel. Maksimum 120 kg. |
| Vierwielmotorfietsritte (Ekoritte)<br>60 min. | **08:00; 09:00; 11:00 12:30; 14:00; 15:30; 16:30** | R450 enkel<br>(1 persoon per fiets)<br>R550 dubbel<br>(2 persone per fiets) | Nie vir swanger vroue of persone met rugprobleme nie. Bestuurder moet 16 jaar of ouer wees (geen uitsonderings nie). Geen kinders onder 5 jaar nie. |
| 4x4-eko-avontuurrit<br>60 min. | **Binne seisoen:**<br>**Maandae-Sondae:**<br>09:00; 11:00; 13:00; 15:00; 16:30 | Volwassenes: R150<br>Kinders 5-11 jaar: R100<br>Kinders onder 5 jaar: Gratis | Nie vir swanger vroue of persone met rugprobleme nie. |

**Net 'n belangrike kennisgewing:**

**ATKV-KLEIN-KARIBA IS DIE JUWEEL VAN DIE BOSVELD.**
**VERMY ASSEBLIEF KONTAK EN KONFRONTASIE MET WILDE DIERE SOOS SLANGE, BOBBEJANE, APE, GEBANDE MUISHONDE, DASSIES EN BOKKE. OM DIERE TE VOER OF TE TERG IS 'N OORTREDING EN IS STRAFBAAR MET 'N BOETE VAN R500 EN/OF AFSETTING VAN DIE OORD.**

ATKV Oorde KLEIN-KARIBA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

# ATKV-KLEIN-KARIBA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

## WOENSDAG 23 SEPTEMBER 2026

| | | |
|---|---|---|
| 14:00 | **Gazebopret**<br><br>Terwyl mamma en pappa inboek, kan die kinders kom kyk watter pryse hulle huis toe kan vat. | Ontvangs |
| 18:00 | **Bosveld-braaivasvra**<br><br>Bring jou span, jou braaigees en dalk sommer ’n ekstra sin vir humor. | Koswerf-restaurant |

## DONDERDAG 24 SEPTEMBER 2026

| | | |
|---|---|---|
|  | **Dit is Braaidag!**<br><br>**Maak seker jy trek jou beste braai-uitrusting aan en wys ons wat in jou steek! Wie weet – dalk stap jy met ’n lekker prys weg!**<br><br>**Kom kuier, braai en geniet die dag saam met ons!** |  |
| 09:00 | **Die vermaakwa is op pad!**<br><br>Ons vermaakspan ry deur die oord. Luister mooi wat alles vandag op die program en oord plaasvind. | Oord |
| 10:00 | **Karnalliepret**<br><br>Al die voorskoolse en laerskoolkinders word uitgenooi om lekker kreatief te wees. | Dairymaid-verhoog |

| | | |
|---|---|---|
| 10:00-16:00 | **Teikenskiet**<br><br>Koop jou kaartjie by die inligtingsentrum teen R65 en kyk of jy al die teikens kan raakskiet. | Inligtingsentrum |
| 11:00 | **Afrikitipret**<br><br>Hier wag groot sports en pret vir almal om die swembad. | Dairymaid-verhoog |
| 15:00 | **Waterspele**<br><br>Ons gaan lekker speletjies in die swembad speel – kom maak 'n draai. | Dairymaid-verhoog |
| 16:30 | **Bring-en-braai**<br><br>Kom braai lekker saam met die vermaakspan en geniet gratis hout en heerlike pap en sous, geborg deur die Miami-inmaakfabriek!<br><br>Bring jou braaivleis en eetgerei, borde en braaitoebehore en kom geniet 'n lekker kuier! | Dairymaid-verhoog |
| 18:00 | **Koesbal (*Dodgeball*)**<br><br>Ons deel julle op in spanne en julle gooi dat die stof so staan. Dis vir almal, so kom speel saam. | Dairymaid-verhoog |

## VRYDAG 25 SEPTEMBER 2026

### Braai en pret vir 'n goeie doel!

**Vandag se program is ten bate van CMR. Kom geniet die pret, kuier saam met ons en ondersteun 'n goeie saak!**

CMR NOORD • NORTH

Oorde ATKV KLEIN-KARIBA JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

# ATKV-KLEIN-KARIBA VERMAAKPROGRAM

Afrikitipret

| | | |
|---|---|---|
| 08:00-14:00 | **Koswerf-buffetontbyt**<br><br>ATKV-Klein-Kariba-buffetontbyt en middagete! Buffetontbyt beskikbaar tot 11:00. | Koswerf-restaurant |
| 09:00 | **Die vermaakwa is op pad!**<br><br>Vandag se program is ten bate van die CMR-liefdadigheidsorganisasie, so spits jou ore vir wat alles op die oord gebeur. | Dairymaid-verhoog |
| 10:00 | **Wegneemetes en Chip 'n Dip**<br><br>Lekkernye vir jonk en oud om om die swembad te geniet. | Kits-Koswerf-kiosk |
| 10:00 | **Ondersteun CMR!**<br><br>Besoek die CMR-stalletjie vir oulike handelsware en koop jou lootjie. Alle verkope is ten bate van die CMR-fondsinsameling. Kom loer in en ondersteun die saak. Kom groet en neem 'n lekker foto saam met Toby, CMR se gelukbringer! | Dairymaid-verhoog |
| 10:00 | **Iets geheimsinnig tol op die spit…**<br><br>Kom proe, raai en ontdek die geheim! Lootjies ten bate van CMR te koop. | Dairymaid-verhoog |
| 10:00-15:00 | **Teikenskiet teen R65**<br><br>Kom wys ons hoe word dit gedoen! Kyk of jy al die teikens kan raakskiet. | Inlingtingsentrum |
| 10:00 | **Karnalliepret**<br><br>Vandag het ons Bulletjiebraai en 'n Baasbakstertjie-kompetisie vir die klein maatjies. Maak seker jy skryf in by die vermaakspan, plekke is beperk. | Dairymaid-verhoog |
| 11:00 | **Afrikitipret**<br><br>Braaitang-aflos, raai die braaispesery en nog meer. | Dairymaid-verhoog |

| | | |
|---|---|---|
| 14:00 | **1 kg-steak-eetkompetisie**<br><br>Koop vir jou 'n kaartjie by CMR se stalletjie en kom ons kyk of jy het wat dit vat! | Dairymaid-verhoog |
| 15:30 | **Braai-bingo**<br><br>Bingo met 'n kinkel! Maak seker jy neem deel, deelname is gratis. | Dairymaid-verhoog |
| 17:00 | **Prysuitdeling**<br><br>Kom staan nader en hoor of jou lootjies getrek word. | Dairymaid-verhoog |
| 17:30 | **Ivan Roux**<br><br>Kom sing saam met **Ivan Roux** en geniet al jou gunstelingtreffers. Bring jou vriende en familie, trek jou dansskoene aan en kom kuier saam met ons! | Dairymaid-verhoog |
| 18:30 | **Gerhard Steyn**<br><br>Maak reg vir 'n aand met lekker musiek, groot treffers en heerlike kuier. Kom sing saam met ons wanneer Gerhard Steyn die verhoog betree! | Dairymaid-verhoog |

## SATERDAG 26 SEPTEMBER 2026

| | | |
|---|---|---|
| 08:00-11:00 | **Koswerf-buffetontbyt**<br><br>Ons buffetontbyt is daagliks beskikbaar, maar onthou ook ons à la carte-brêkfisopsies. Kom geniet muesli en jogurt of 'n vinnige brêkfisbroodjie. | Koswerf-restaurant |
| 10:00 | **Wegneemetes en Chip 'n Dip**<br><br>Chip 'n Dip het maxi's, midi's, kombo's en selfs 'n aartappel op 'n stokkie. Ons het Donut Pops en mini-donuts. Dis vakansie – jy mag maar! | Kits-Koswerf-kiosk |

| | | |
|---|---|---|
| 10:00-16:00 | **Teikenskiet**<br><br>Kom kyk of jy teen R65 alles kan raakskiet. | Inligtingsentrum |
| 10:00 | **Die wildtuin-kinderhoekie**<br><br>Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om saam met ons kreatief te wees. Maak 'n draai – slegs beskikbaar tussen 10:00 en 14:00 | Dairymaid-verhoog |
| 11:00 | **Afrikitipret**<br><br>Gesinsvermaak uit die boonste rakke. Moet dit nie misloop nie! | Dairymaid-verhoog |
| 13:00 | **Deuntjie vir deuntjie**<br><br>Kom toets jou musiekkennis by die swembad. | Dairymaid-verhoog |
| 15:00 | **Aksiekrieket**<br><br>Lekker krieket vir al die hoërskoolmaats en ouer by die grasland. | Grasland |
| 17:00 | **Ariana Venus**<br><br>Kom maak 'n draai by die swembad, want dit gaan 'n vertoning uit 'n ander wêreld wees. | Dairymaid-verhoog |
| 18:00 | **Brendan Peyper**<br><br>Stop? Wag? Ja, jy het reg gehoor – Brendan is in die huis, so trek jou dansskoene aan en kom kuier lekker saam met ons. | Dairymaid-verhoog |


0147369800
KARIBA@ATKV.ORG.ZA
WWW.KLEIN-KARIBA.CO.ZA

Oorde ATKV KLEIN-KARIBA JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

# ATKV-KLEIN-KARIBA VERMAAKPROGRAM

AfrikiTiPret

## SONDAG 27 SEPTEMBER 2026

| | | |
|---|---|---|
| 08:00-11:00 | **Koswerf-buffetontbyt**<br><br>Begin jou dag reg met vrugte, jogurt en graankosse. Bou jou eie omelet en geniet 'n wye verskeidenheid bygeregte. Geniet koffie, tee en sap saam met 'n gebakte bederfie – alles by ons buffetontbyt ingesluit. | Koswerf-restaurant |
| 10:00-15:00 | **Teikenskiet**<br><br>Slegs R65 om te skiet. Kyk hoeveel kolskote jy kan kry. | Inligtingsentrum |
| 10:00 | **Gholfuitdaging**<br><br>Kom geniet 'n rustige spel saam met die vermaakspan. | Gholfbaan |
| 11:45 | **Springbokke teen Australië**<br><br>Bring die hele gesin vir 'n middag vol sportaksie. Kom geniet die rugby op die grootskerm. | Dairymaid-verhoog |
| 18:00 | **Fliekaand onder die sterre**<br><br>Bring vir jou iets om te drink of te eet en geniet die opwindende film saam met ons. | Dairymaid-verhoog |

## MAANDAG 28 SEPTEMBER 2026

| | | |
|---|---|---|
| 08:00-11:00 | **Koswerf-buffetontbyt**<br><br>Jou eenstop-restaurant vir die lekkerste ontbyt onder die son. | Koswerf-restaurant |
| 09:00 | **Die vermaakwa is op pad!**<br><br>Luister mooi wat alles vandag op die oord gebeur. | Oord |

| | | |
|---|---|---|
| 09:00-15:00 | **Abseil**<br><br>Kom toets jou moed en sluit aan by ons abseilaktiwiteit teen R65. | Grasland |
| 10:00 | **Wegneemetes en Chip 'n Dip**<br><br>Smul aan pizzas, burgers, broodjies en worsies met skyfies. Ons het ook lekker koeldrank. | Kits-Koswerf-kiosk |
| 10:00-16:00 | **Teikenskiet**<br><br>Op jou merke, gereed, skiet! Net R65. | Inligtingsentrum |
| 10:00 | **Karnalliepret**<br><br>Al die klein maatjies kom speel saam. | Dairymaid-verhoog |
| 11:00 | **Afrikitipret**<br><br>Groot sports vir oud en jonk. Kom geniet dit saam met ons! | Dairymaid-verhoog |
| 13:00 | **Glybaankompetisie**<br><br>Wie sal vandag met die louere wegstap? GEEN Sunlight-seep word toegelaat nie. | Glybaan |
| 15:00 | **Aksienetbal**<br><br>Span saam, wys jou vaardighede en ondersteun die spelers. | Gholfbaan |
| 18:00 | **Verken die sterrestelsel**<br><br>Trek jou stoel nader en geniet 'n aand onder die hemelgewelf. | Kariba-saal |

## DINSDAG 29 SEPTEMBER 2026

| | | |
|---|---|---|
| 08:00-11:00 | **Koswerf-buffetontbyt**<br><br>Ons buffetontbyt is daagliks beskikbaar, maar onthou ook ons à la carte-brêkfisopsies. | Koswerf-restaurant |
| 09:00 | **Die vermaakwa is op pad!**<br><br>Spits jou ore vir alles wat vandag op die oord gebeur. | Oord |
| 10:00-16:00 | **Teikenskiet**<br><br>Wie weet? Dalk het jy versteekte skerpskuttertalente! | Inligtingsentrum |
| 10:00 | **Karnalliepret**<br><br>Ons nooi al die laerskool- en voorskoolkinders om lekker kreatief te wees saam met ons. | Dairymaid-verhoog |
| 11:00 | **Afrikitipret**<br><br>Vermaak uit die boonste rakke! | Dairymaid-verhoog |
| 12:00-20:00 | **À la carte-spyskaart en dameskroeg**<br><br>Met al die opwinding is daar nie tyd om te kook nie, so kom geniet iets nuut op die spyskaart by Koswerf. | Koswerf-restaurant |
| 13:00 | **Bingo: Gaan vir goud!**<br><br>Kom speel lekker saam met ons, gaan vir goud, en kyk of jy die prys huis toe vat. | Dairymaid-verhoog |
| 14:00 | **Verfbalkompetisie teen R160**<br><br>Bespreek jou plek by die inligtingsentrum. R160 vir 100 balle. Ongelukkig geen kinders onder 12 nie. Ekstra balle teen R100 (100 balle per pak) | Inligtingsentrum |
| 16:00 | **Padeltoernooi en bring-en-braai**<br><br>Spanne van twee moet voor 14:00 by die | Padelbaan |

## WOENSDAG 30 SEPTEMBER 2026

| | | |
|---|---|---|
| 08:00-11:00 | **Koswerf-buffetontbyt**<br><br>Moenie die propvol dag op 'n leë maag trotseer nie. Ons buffetontbyt en à la carte-ontbytopsies is daar om jou krag te gee. | Koswerf-restaurant |
| 09:00-15:00 | **Abseil**<br><br>Abseil begin nou! | Grasland |
| 09:00 | **Die vermaakwa is op pad!**<br><br>Luister mooi wat alles vandag plaasvind. | Oord |
| 10:00 | **Wegneemetes en Chip 'n Dip**<br><br>Smul aan burgers, broodjies en worsies met skyfies. Ons het ook lekker koeldrank. | Kits-Koswerf-kiosk |
| 10:00-16:00 | **Teikenskiet**<br><br>Kyk of jy al die teikens kan platskiet. | Inligtingsentrum |
| 10:00 | **Karnalliepret**<br><br>Ons nooi al die klein maatjies om lekker saam met ons te speel. | Dairymaid-verhoog |
| 11:00 | **Afrikitipret**<br><br>Groot sports in en om die swembad vir die hele gesin. | Dairymaid-verhoog |
| 14:00-20:00 | **Visvangkompetisie**<br><br>Bring jou gereedskap en aas! Kom maak 'n draai by die dam en kyk wie vang die meeste en grootste visse! | Dam |

# ATKV-KLEIN-KARIBA VERMAAKPROGRAM

Afrikitipret

## DONDERDAG 1 OKTOBER 2026

| | | |
|---|---|---|
| 08:00-11:00 | **Koswerf-buffetontbyt**<br><br>Slaap 'n bietjie langer en los die potte en panne vir 'n slag. Ons heerlike buffetontbyt wag elke dag op jou. Ander ontbytopsies ook beskikbaar, vra gerus u kelner. | Koswerf-restaurant |
| 09:00 | **Die vermaakwa is op pad!**<br><br>Luister mooi wat alles vandag op die oord gebeur. | Oord |
| 10:00 | **Wegneemetes en Chip 'n Dip**<br><br>Chip Twisters, Weense of Russiese worsies, burgers, broodjies, pizzas, tjips, draairoomys, oliebolle en nuwe geure vir elke smaak by Koswerf! | Kits-Koswerf-kiosk |
| 10:00-16:00 | **Teikenskiet**<br><br>Skote Petoors… Kom wys ons wat in jou steek! | Inligtingsentrum |
| 10:00 | **Karnalliepret**<br><br>Al die laerskool- en voorskoolkinders word uitgenooi om saam met ons kreatief te wees. | Dairymaid-verhoog |
| 11:00 | **Afrikitipret**<br><br>Groot sports in en om die swembad vir almal. Lekker pret en plesier vir die hele gesin. | Dairymaid-verhoog |
| 12:00-20:00 | **À la carte-spyskaart en dameskroeg**<br><br>Loer vir 'n Magrieta, stiekie hoender, Koswerf-koning, sonskyn of selfs 'n vegetariese pizza. En as jy lus is vir iets anders, probeer gerus ons penne-pasta met die romerige hoender-en-sampioen-sous of die geurige bolognese. Dis 'n ware lipleklekker bederf.<br>Op 'n Saterdagaand het 'n mens mos net twee dinge nodig: pizza of pasta – en ons maak albei onvergeetlik. | Koswerf-restaurant |

| | | |
|---|---|---|
| 14:00 | **Verfbalkompetisie teen R160**<br><br>Bespreek jou plek by die inligtingsentrum. R160 vir 100 balle. Ongelukkig geen kinders onder 12 nie. Ekstra balle R100 (100 balle per pak) | Inligtingsentrrum |
| 15:00 | **Aksiesokker**<br><br>Lekker aksiesokker vir al die hoërskool- en ouer kinders. | Grasland |
| 18:30 | **Gloei-in-die-donker-minigholf-uitdaging**<br><br>Vir almal om lekker pret te hê saam met die vermaakspan. | Glybaan |

## VRYDAG 2 OKTOBER 2026

| | | |
|---|---|---|
| 08:00 | **Koswerf-buffetontbyt**<br><br>Slaap 'n bietjie laat en vermy die moeite van kosmaak en skottelgoed was. Ons buffetontbyt wag elke oggend vir jou. | Koswerf-restaurant |
| 09:00 | **Die vermaakwa is op pad**<br><br>Luister mooi vir die vermaakspan. | Oord |
| 10:00-15:00 | **Boogskiet**<br><br>Slegs R65 – kom probeer jou bes. | Inligtingsentrum |
| 10:00-15:00 | **Teikenskiet teen R65**<br><br>Kom probeer gerus. | Inligtingsentrum |
| 10:00 | **Karnalliepret**<br><br>Al die voorskoolse en laerskoolkinders kan saam kom kreatief wees. | Dairymaid-verhoog |

| | | |
|---|---|---|
| 12:00 | **Afrikitipret**<br><br>Pret vir jonk en oud. | Dairymaid-verhoog |
| 14:00 | **Reptielvertoning**<br><br>Haal die kamara uit! Geniet 'n opwindende vertoning vol interessante feite en verrassings. Moet dit nie misloop nie. | Dairymaid-verhoog |
| 15:00 | **Deuntjie vir deuntjie**<br><br>Kom toets jou musiekkennis by die swembad**.** | Dairymaid-verhoog |
| 17:00-20:00 | **Boma ná donker**<br><br>Dis 'n lekker kuiergeleentheid om 'n bomavuur vir al die studente tussen 18 en 25 jaar. | Ná donker |

## SATERDAG 3 OKTOBER 2026

| | | |
|---|---|---|
| 08:00-11:00 | **Koswerf-buffetontbyt**<br><br>Jou eenstop-gunstelingaanbod vir kos en drankies. Verwag hierdie vakansie smullekker disse, splinternuwe à la carte-geregte en heerlike buffetontbyte. | Koswerf-restaurant |
| 09:00 | **Die vermaakwa is op pad!**<br><br>Luister mooi wat alles vandag op die oord gebeur. | Oord |
| 10:00-16:00 | **Teikenskiet**<br><br>Koop jou kaartjie by die inligtingsentrum teen R65 en kyk of jy al die teikens kan raakskiet. | Inligtingsentrum |
| 10:00 | **Karnalliepret**<br><br>Al die voorskoolse en laerskoolkinders word uitgenooi om lekker kreatief te wees en saam met ons te speel. | Dairymaid-verhoog |
| 11:00 | **Afrikitipret**<br><br>Hier wag groot sports en pret vir almal om die swembad. | Dairymaid-verhoog |


0147369800
KARIBA@ATKV.ORG.ZA
WWW.KLEIN-KARIBA.CO.ZA

| | | |
|---|---|---|
| 14:00 | **Laser-kleiduifskietkompetisie**<br><br>Kom wys jou staal en kyk of jy met ’n laser kan skiet. | Grasland |
| 15:00 | **Raakrugby**<br><br>Lekker raakrugby vir al die hoërskool- en ouer kinders. | Grasland |
| 18:00 | **Laser-*tag* in die saal**<br><br>Lekker laser-*tag* in die saal – moet dit nie misloop nie! Oud en jonk is welkom. | Kariba-saal |

## SONDAG 4 OKTOBER 2026

| | | |
|---|---|---|
| 08:00-11:00 | **Koswerf-buffetontbyt**<br><br>Slaap ’n bietjie laat en moenie die potte en panne trotseer nie. Ons buffetontbyt wag elke dag net vir jou. | Koswerf-restaurant |
| 10:00 | **Rustige musiek by swembad**<br><br>Kom ontspan en geniet die Bosveld-atmosfeer. | Dairymaid-verhoog |
| 10:00 | **Gholfuitdaging**<br><br>Kom geniet ’n rustige spel saam met die vermaakspan. | Dairymaid-verhoog |
| 10:00 | **Wegneemetes en Chip ’n Dip**<br><br>Chip Twisters, Weense of Russiese worsies, burgers, broodjies, pizzas, tjips, draairoomys, oliebolle en nuwe geure vir elke smaak by Koswerf! | Kits-Koswerf-kiosk |
| 10:00-15:00 | **Teikenskiet**<br><br>Skote Petoors… Kom wys ons wat in jou steek! | Inligtingsentrum |

## Gaskunstenaars



Gratis vertonings deur ons gasgunstenaars vir hierdie vakansie.

ATKV Oorde
KLEIN-KARIBA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

# ATKV-KLEIN-KARIBA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

**Baie dankie aan al ons borge:**

AVBOB

BB Bargain Books
Range • Value • Service • Convenience

Cadbury ICE CREAM

CASI

Eskimo Joe's

EXCLUSIVE BOOKS

ja

MIAMI
Canned at the moment of perfection

eksekuteurs.
'VIR BOEDELS EN TESTAMENTE'

Snappy Chef
Your Cheaper, Faster, Safer way of cooking

Hertz®
Let's Go!

Rx VAN HEERDEN
Family Pharmacy
Familie Apteek
script savers

CARTRACK
PUTTING YOU IN CONTROL

ATKV Oorde

0147369800
KARIBA@ATKV.ORG.ZA
WWW.KLEIN-KARIBA.CO.ZA